

A full-length photograph of a woman standing against a light pink background. She is wearing a white, long-sleeved lace wedding dress with a tiered skirt and a fitted bodice. Her hair is styled in a braid with white ribbons and flowers. She is holding a small bouquet of white flowers in her left hand. She is wearing white flat shoes.

**MAAK
DIT
SELF
VIR DIE
GROOT DAG**

GEHEKELDE TROUROK



GEBREIDE TROUROK

GEBREIDE TROUROK

Gebrei op 'n EMPISAL-breimasjien.

BENODIGDHEDE: Vir trourok: French

Bouclé 320(340; 360) g; **Shimmer** 50 g; **Monofil** (deurskynende nylondraad), 50 g; **vir handskoene**: 5 g van elke garingsoort; rek vir middel; 2 knope vir handskoene; drukkertjies. Garing verkrygbaar by EMPISAL-winkels.

Let Wel: Die drie garingsoorte word saam gebruik, een draad elk.

MATE: Om borsmaat van 86(91; 96) cm te pas; lengte van lyfie 39(40; 41) cm; lengte van romp 107 cm. **BLAAI OM**

Dis
vaarwel
aan
merkiesvel.



Twee nuwe produkte word nou by die Yardley Oatmeal velsorgreeks vir olierige vel gevoeg — een vir die dag en een vir die nag — spesiaal om daardie probleemmerkies te behandel.

Nuwe Oatmeal Blemish Stick kom in gewilde velkleure — Buff, Wheat en Bare — bedek en help heel puisies en merkies op die vel dwarsdeur die dag. Yardley Oatmeal Blemish Stick bevat waardevolle Allantoin wat seker maak dat jou vel sag en vlekloos bly.

Nuwe Oatmeal Clearing Gel, werk nadat u dit saans aan probleemmerkies gesmeer het. Oatmeal Clearing Gel se formule met Allantoin droog en streef die heel nag deur terwyl u slaap om sodoende u'n skoner, gesonder gelaat te gee.

Nou beskikbaar by jou gunsteling apteek en afdelingswinkel.

Yardley
Ons wêreld wentel om jou.



BRIDGECAPE 082A

MAAK DIT SELF VIR DIE GROOT DAG

SPANNING: Hoofspanning 32 ste en 62 rye = 10 x 10 cm gemeet oor koussteek. Begin toets vanaf spanning 1.2.

Hoofspanning oor kantpatroon 28 ste en 70 rye = 10 x 10 cm; gaan jou spanning sorgvuldig na oor ten minste 20 cm; begin toets vanaf spanning 0.2, om die regte spanningknopinstelling vas te stel.

AFKORTINGS: ☐ - patroonsteek; ooooo - oopluusaanheg; ----- voulyn, horisontaal of vertikaal; RT - ryteller; + = vermeer - vermeerder; - = vermin - verminder; 9x2x12 - vermeerder of verminder 9 ste na elke 2 rye, 12 keer, aan een of albei kante, afhangend daarvan of dit 'n hele of halwe paneel is; SA - soos agterpant. N(e) - naald (naalde); rg - resgaring; - plaas elke 4e steek oor; ks - koussteek; SHS - spanning op hoofspanninginstelling; herh - herhaal; WP - werkposisie; HP - houposisie; R - ry (rye).

KANTPATROON VIR CARDOMATIC: Gebruik kantkaart nr. 383 van stel 63 (vir die 44 rye van patroonsteek) en pons 'n kaart soos geïllustreer vir die 22 rye van patroonsteek soos op middelpaneel van romp.

KANTPATROON VIR PB8: Gebruik kantpatroon nr. 826 van EMPISAL se breipatroonboek of kantpatroon soos verkies. **Let Wel:** Onthou om kantslee vir kantwerk te gebruik — by SHS-1 — en slaan weer oor na enkelbedslee vir koussteek.

TOOISEL: Oor 7 Ne op HNK stel Ne in soos volg: L.L.X.L.X.L.L (L is naald in WP; X is naald in nie-werkposisie; ● is 'n platenhaak).

Lig middelste N na HP, brei 5 R in HP, 1 R en herh deurgaans. Brei ongeveer 5 meter.

Brei die verskillende dele volgens aanwysings op patroon-diagramme.


AFWERKING: Werk skouer- en synate toe. Hekel rondom halsrand en mousgate. Maas op kante van romppanele toe. Hekel boonste pant aan middelste pant vas, sorg dat kantstrepo ooreenstem. Hekel dan middelste aan onderste pant vas.

Werk tooisel oor nate vas. Werk romp aan lyfie vas by middel, ryg rek deur tot verlangde lengte, hekel om soom. Stoom liggies.


HANDSKOENE: Werk synate van handskoene toe, laat 8 cm oop by boordjie. Hekel rondom rande en maak 'n knoopsgat by boordjie. Ryg rek by elmboog in. Stoom liggies.





SEINTUUR: Spanning op 1, oor 8 Ne op albei naaldkaste, brei 'n buis van ongeveer 70 cm lank. Steek versterkte petersham in indien verkies, en werk drukkertjies aan. Hekel rondom rande.

DIAGRAM GEBREIDE TROUROK



HANDSKOENE





Die vaarwelreeks vir olierige Gesig



Waarom moet 'n olierige vel jou gelaat belemmer as dit so maklik is met 'n paar minute se liefderike sorg?

In die oggend

1. Gee jou vel 'n skoon, vars begin deur Oatmeal Seep met diep-reinigende borselkwassie aan te wend en sirkulasie te stimuleer.
2. Tik Shake Astringent liggies aan om porieë te verfris en vel-olie te verwyder voordat dit velprobleme mag skep.
3. Verseël die natuurlike vog in met 'n beskermende laag Oatmeal Moisturiser.
4. Gebruik dan Oatmeal Medicated Oil-Free Foundation wat die hele dag werk vir 'n natuurlike voorkoms. Te kry in Bare, Buff, Almond en Wheat.

In die aand

1. Diepreinig met Oatmeal Bubbling Wash om porieë te suiwer sodat swartkoppies wegbly.
 2. Tik Shake Astringent liggies voor slaaptid aan om porieë te verfris en vel-olie te verwyder.
- Gee jou vel die natuurlike behandeling wat dit verdien.
- Oatmeal — Die natuur se eie manier van sorg vir jou.

Yardley
Die begin van 'n
nuwe skoonheids-era.



MAAK DIT SELF VIR DIE GROOT DAG

VAN BLADSY 67

GEHEKELDE TROUROK

BENODIGDHEDE: 14 bolle DMC Cebelia-hekelgaring Nr. 30; 50 g DMC ligblou pêrkatoen Nr. 8, Art. 775; staalhekelpen van 1 mm; 2 meter wit of pastelblou voeringmateriaal minstens 1,20 m breed om filetpatroon na vore te bring; satynlint, 0,5 cm breed, in 3 verskillende skakerings soos volg: 8 m ligblou, 8 m blou, 5 m donkerblou; 80 cm ronde rek.

MATE: Om borsmaat van 87-92 cm te pas.

SPANNING: 17 blokkies en 23 rye = 10 x 10 cm oor file.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; blk(s) - blok(blokkies); sp(s) - spatie (spaties); weersk - weerskante; vermeer - vermeerder(ing); vermin - verminder(ing).

Filet: Hekel 'n basisry kettingsteke.

1e ry: Steek hekelpen in 7e ks vanaf pen en hekel *1 lb, 2 ks, slaan 2 ste oor; herh van * tot einde, eindig met 'n lb in laaste ks, 3 draai-ks.

2e ry: 2 ks, *1 lb in lb van vorige rondte, 2 ks, slaan 2 ste oor; herh van * tot einde, eindig met 1 lb in 3e begin-ks, 3 draai-ks.

Hekel voort op dié manier, met lb op lb. Raadpleeg diagram vir ontwerp, onthou dat elke kolletjie 'n blokkie voorstel.

Hekel 4 lb om 'n blokkie te vorm; 1e lb op lb van vorige ry, 2 lb in vlg 2 ks, en 4e lb op daaropvlg lb.

AGTERPANT VAN LYFIE: Hekel 232 ks, steek hekelpen in 7e ks vanaf pen en hekel

filet, volg patroon BLADSY 123

Om lyfie wyer te maak, vermeer aan buitenste rande van blommotiefstroke, 1 vierkantjie — hetsy blokkie of spatie — aan weersk elke 10 cm, 2 keer, en net binnekant rande van blommotiefstroke, een vierkantjie aan weersk, elke 11e ry, 7 keer.

Mousgate: Wanneer werk 24 cm lank is vanaf begin, moet patroon geraadpleeg word vir mousgatvermin, maar hou aan met vermeer soos gestel.

Hekel voort tot werk 41 cm lank is en hekel dan nog 4 rye oor blommotiefstroke. Knip garing af en werk af.

VOORPANT VAN LYFIE: Hekel 257 ks, steek hekelpen in 7e ks vanaf pen en hekel filetpatroon. Raadpleeg patroon BLADSY 123

Om lyfie te vorm, moet aan weersk van middelste filet-pat 1 vierkantjie — hetsy blokkie of spatie — vermeer word, elke 7 rye, 10 keer.

NA BLADSY 101

*Vaseline Wit Petroleumjellie Gereg. nr. J/14 2/24



Kry jou baba die beste beskerming teen luiersuitslag?

Wat elke ma behoort te weet omtrent *Vaseline Wit Petroleumjellie.

Selfs al ruil u gereeld doek is daar tye wanneer baba se sensitiewe velletjie 'n ruk lank met 'n nat doek in aanraking sal wees. Dis wanneer luiersuitslag voorkom.

En dis waarom u altyd suiwer, strelende Vaseline Wit Petroleumjellie byderhand moet hê. Wanneer dit aan baba se boudjies gesmeer word, vorm dit 'n waterdigte laag tussen die nat doek en die vel. Sodoende geniet baba

volle beskerming totdat u 'n nuwe doek aansit.

Indien luiersuitslag reeds voorkom, sal die vrylike aanwending van Vaseline die geïrriteerde vel beskerm en toelaat om vinnig en veilig te herstel. Dit kan ook gebruik word om klein skrape, krappekkie en snye te behandel. Vaseline Wit Petroleumjellie. Beskerming vir u baba. Volle gemoedsrus vir u.

*Vaseline Wit Petroleumjellie.

Beproef en vertrou deur mammas vir meer as 100 jaar.

*Chesebrough-Pond's Inc. is die eienaar van die geregistreerde handelsmerk "Vaseline".



BARKER, McCORMAC 8887/3/A

MAAK DIT SELF VIR DIE GROOT DAG

VAN BLADSY 72

Mousgate: Raadpleeg patroon om te vermin, wanneer werk 24 cm lank is.

Wanneer werk 33 cm lank is vanaf begin, moet slegs op die 2 blommotiefstroke voortgehekel word, tot dit so lank soos agterpant is.

Laat deel tussenin ongehekel vir halslyn.

MOUE: Hekel 232 ks, steek hekelpen in 7e ks vanaf hekelpen en hekel filet. Raadpleeg patroon, vermeer 1 vierkant aan weersk van elke 4 rye, 2 keer.

Moukopvorming: Wanneer werk 6,5 cm lank is vanaf begin, raadpleeg patroon vir moukopvorming BLADSY 123

MOUVALLETJIES: Hekel 109 ks en hekel 56 cm filet sonder patroon.

ROMP: Dit word in 2 eenderse dele gehekel, begin onder.

Patroon stem ooreen met helfte van een deel.

Hekel 553 ks en hekel voort in filet.

Raadpleeg patroon BLADSY 123

Verminder deur 2 lb saam deur te trek; vermin slegs aan sykkante van blommotiefstroke.

Wanneer werk 57 cm lank is vanaf begin, knip garing af en heg netjies af.

ROMPVAL: Dit word vertikaal gehekel.

Begin met 169 ks en hekel filet. Raadpleeg diagram.

Wanneer werk 270 cm lank is vanaf begin, knip garing af en werk netjies af.

SEINTUUR: Hekel 82 ks en hekel voort in filet tot werk 75 cm lank is. Heg af.

OMRANDING: Wanneer verskillende dele voltooi is, word dit met ligblou omrand soos volg: Steek hekelpen onder buitenste ry blokkies van blommotiefstrook op lyfie in en gaan voort met *1 kb, 3 ks*. Hekel op dieselfde manier om halsrand, asook om blommotiefstroke van romp en onderste rand van moue.

Gebruik pastelblou om kolletjies op moue te borduur.

Omrand onderste rand van mouvalle, onderste rand van romp en onderste rand van rompvall:

1e ry: *1 kb in 2-ks-sp, 3 ks, 2 kb in vlg 2-ks-sp, 3 ks; herh van * rondom.

2e ry: *1 kb in 3-ks-sp, 2 ks, 1 kb in vlg 3-ks-sp, 2 ks, (1 lb, 2 ks, 1 lb) tussen 2 kb van vorige ry, 2 ks; herh van * rondom.

AFWERKING: Plaas papierpatroon of gehekelde dele van rok op voeringmateriaal wat dubbel gevou is, en knip sodat materiaal 1 cm breed by patroonrand verbystee. Laat toe vir pylpale van lyfie en romp wat effens ingeplooi word.

Werk nate van romp en lyfie toe. Plooi mouval in en werk aan moue vas, net onder blou omranding. Werk mounate toe en werk moue in mousgate vas.

Werk synate van gehekelde romp toe en werk ingeplooiende rompvall aan onderkant van romp vas. Werk lyfie aan romp vas. Maak 'n buis vir ronde rek by middel en ryg dit daardeur. Werk voering van lyfie by skouers en om halsrand in gehekelde lyfie vas.

Knip satynlint in stukke van ongeveer 77 cm en ryg dit deur spasies om middel in volgorde van *donkerblou, blou, 2 rye ligblou, dan weer een ry blou*. Werk punte van linte aan verkeerde kant vas en bedek met 'n strook voering. Werk 6 hakies ewe ver van mekaar vas.

Netfilethekelwerk: Hoe blokkies en spasies gehekel word. Begin basisry met vasgestelde aantal kettingsteke. Hekel eerste ry spasies op basisry. Wees versigtig om nodige aantal kettingsteke sorgvuldig te tel.

Langbene vorm die regop deel van die blokkie en die 2 kettingsteke tussenin bepaal die grootte van die spatie. Wanneer die eerste ry voltooi is, moet die tweede ry met dieselfde aantal draai-ks begin word.

Die diagram toon die begin van die derde ry. Die diagram word een keer van regs na links gelees en een keer van links na regs, maar eintlik draai jy aan die einde van elke ry om. Jy werk dus altyd van regs na links.


NA BLADSY 123

Nuwe laedamp-Zeb werk selfs onderstebo.

Nuwe verbeterde formule Zeb, met die revolusionêre spuitkop, verseker dat 'n konstante, kragtige stroom skuimreiniger elke hoekie van die oond bereik.

Selfs die hardnekkigste, mees onbereikbare, vasgebrande vuilheid word los uitgelig.

Gebruik Zeb Overnight vir veilige, deeglike reiniging van koue oonde. En Zeb High Speed vir die vinnige reiniging van warm oonde.



MAAK DIT SELF VIR DIE GROOT DAG

VAN BLADSY 101

Blokkies word gevorm deur langbene in elke kettingsteek van vorige ry te hekel. Volg die diagram.

Vermeerdering van spasies aan begin of einde en in middel van 'n ry.

- Nadat die laaste langbene van die ry gehekel is, hekel 2 kettingsteke, draai garing 3 keer rondom hekelpen en hekel 1 drieslagsteek.
- Aan die begin van die ry, hekel 8 kettingsteke, hekel dan die eerste langbene op die laaste langbene van vorige ry.
- Nadat een spasie vermeerder is, herhaal deur die hekelpen halfpad in die drieslagsteek op te steek.
- Aan die begin van die ry, hekel 8 ks om een spasie te vermeerder, plus 3 steke vir elke ekstra spasie.
- Aan die einde van die ry, op voorlaaste spasie, hekel 1 drieslagsteek.
- Aan die begin van die ry, hekel glijpsteke oor die steke van eerste spasie.
- Om 2 spasies te verminder, gaan soos (e) te werk en verminder die verlangde aantal spasies op dieselfde manier.
- Hekel glijpsteke oor die steke wat verminder moet word.
- Om 'n spasie te vermeerder, hekel net 2 langbene in dieselfde steek van vorige ry.
- Om 'n spasie te verminder, moet die kettingsteek tussen 2 langbene eenvoudig weggelaat word.

Hoe die patroon gebruik moet word

Om hierdie patroon korrek te gebruik, moet net die aantal vierkantjies (spasies) in die basisry van elke deel getel word tot by middel. Begin dan met die filethekelwerk. Hekel die blomontwerp in en vorm die kledingstuk deur middel van vermeerdering en vermindering op die voorpant en agterpant van die lyfie by die gegewe punte aan die rande van die blommotiefstroke.

GEHEKELDE TROUROK PATROON





DIAGRAM VIR ONDERSTE STROOK

